Finansieel Gesproke

September 2011

ELEKTRONIESE UITGAWE

Oorkom die uitdaging van inflasie

BINNE:

- Tem die inflasiereus
- Een grootte pas nie vir almal nie
- Kyk met nuwe oë na aandele
- Betaal jouself eerste

OLD MUTUAL

Tem die inflasieREUS

Pieter Hugo
Besturende Direkteur van Old Mutual Unit Trusts

In my werk het ek die voordeel om te sien wat baie beleggers doen en ek streef daarna om die dryfkrag agter hulle besluite te verstaan. Twee van die grootste uitdagings wat hulle in die gesig staar, is om seker te maak dat:

- hulle beleggings inflasiekloppende opbrengste lewer (andersins beweeg hulle letterlik agteruit en kon netsowel die geld spandeer het); en
- hulle genoeg blootstelling aan groeibates het om 'n berekende kans te staan om hulle beleggingsdoelwitte te behaal.

Dikwels is dit wat in 'n belegger se pad staan om beide uitdagings te oorkom hul eie weersin in die blootstelling van hul hard-verdiende geld aan die risiko om daarvan te verloor oor enige gegewe periode, tipies oor die korter termyn.

Dit is nietemin belangrik om in gedagte te hou dat enige vorm van noemenswaardige of waardevolle groei 'n mate van waagmoed en moeite vereis. Hetsy jy vir 'n graad studeer of vir 'n maraton oefen, jy moet eenvoudig uit jou gemaksone tree en jouself druk om jou einddoel te kan bereik.

Dieselfde geld vir beleggings: om soliede, inflasiekloppende opbrengste in jou portefeulje te kry oor die lang termyn, moet jy meer onbestendigheidsrisiko aanvaar as waarmee jy dalk gemaklik voel. Dit is omdat die mediumtermyn-prentjie moontlik baie anders sal lyk as dit van die afgelope dekade.

Aftrede-belegging het verander

Beleggers, soos afgetredenes of dié wat aftrede nader, sal tradisioneel aandele in hul portefeulje verminder en blootstelling aan beleggings wat beskerming teen onbestendigheid in die mark bied vermeerder en, sodra hulle afgetree is, 'n inkomste uit hierdie beleggings verdien.

Mense tree deesdae oor die algemeen vroeër af en leef langer. Die netto-effek hiervan is dat die tyd wat hulle as afgetredenes spandeer en van hul beleggings leef veel langer is, terwyl die tyd wat hulle spandeer om hierdie beleggings op te bou korter is aangesien hulle vir 'n korter periode 'n inkomste verdien.

Ons word dus met die paradoks in die gesig gestaar dat dit nou riskant geword het om risiko-onwillig te wees. Duidelik kan die resep wat beleggers in die verlede gebruik het nie meer noodwendig dieselfde sukses lewer nie. Beleggers moet nou alternatiewe oplossings oorweeg wat beleggings sal insluit met 'n groter blootstelling aan groeibates soos aandele, wat ook die voordeel van 'n mate van gepaardgaande inflasiebeskerming bied.

Ons moet ook die moontlikheid oorweeg dat die kans dat inflasie die reële (na-inflasie) waarde van hierdie beleggings kan erodeer net so groot, of selfs groter, kan wees as die kans vir negatiewe prestasie in die aandelemark — veral wanneer ons langlewendheid in rekening neem.

Die algemene opinie van beleggingskundiges is dat ons onsself nou in 'n lae-opbrengste wêreld bevind. Dit is dus belangrik om te verstaan dat ons nou laer prestasie oor bateklasse sal kry as waaraan ons gewoond was in die verlede. Hierdie uitdaging word vergroot deur die vooruitsig van lae rentekoerse gekombineer met stygende inflasie. Hierdie kombinasie plaas baie stremming op die reële opbrengste wat beleggers kan verwag.

Is jou portefeulje reg geposisioneer?

Verstandige beleggers moet bewus wees van die nuanses van inflasie. Alhoewel die regering, unies en batebestuurders almal die offisiële verbruikersprysindeks (VPI) as 'n handige verwysingspunt gebruik, is die realiteit vir beleggers dat daar nie iets soos een inflasiesyfer bestaan nie aangesien ons verskillende goed in verskillende hoeveelhede volgens ons lewensfase en ekonomiese status verbruik. Elke individu het dus 'n unieke, persoonlike inflasie-"mandjie". Op bladsy 3 kyk Johann Els, 'n ekonoom van Old Mutual Investment Group SA (OMIGSA), in detail na inflasie, en spesifiek die realiteit daarvan vir afgetredenes. In kort; alhoewel meeste afgetredenes reken op 'n skuldvrye aftrede, vergeet baie om voorsiening te maak vir die feit dat hulle deur 'n hoër inflasiekoers in die gesig gestaar word, wat beteken dat hulle 'n hoër groeikoers benodig om 'n spesifieke inkomstevlak te handhaaf.

Soos jy kan aflei, is die kombinasie van lae rentekoerse en hoë inflasie slegte nuus vir beleggers wat spaargeld in bankrekeninge het, of wat te veel blootstelling aan geldmark- en vaste inkomstebeleggings het. Nie net is die vlak van rente-inkomste wat hulle verdien laag nie, die koopkrag van beide hul inkomste en kapitaal sal boonop deur inflasie geërodeer word.

Alhoewel dit duidelik is dat ons geldmark- en vaste inkomstebeleggings van groot waarde is om onbestendigheidsbeskerming, likiditeit en inkomste-uitbetalings te bied, moet ons ernstig gaan nadink oor die implikasies wat inflasie en rentekoerse op ons beleggingsportefeulje, en spesifiek ons aftreespaargeld, het.

Wanneer jy bogenoemde feite in ag neem, is dit duidelik dat jy alternatiewe moet oorweeg indien jy grotendeels in die geldmark belê is. Ek stel nie voor dat jy van 'n lae risiko-belegging na 'n suiwer aandelefonds skuif nie, maar daar is baie effektetrusts wat 'n kombinasie van onbestendigheidsdekking, gereelde inkomste en groei bied, of

risiko bloot beter bestuur deur oor alle bateklasse te belê (geldmark, effekte, eiendom en aandele) met spesifieke uitkomste vir kliënte as doelwit. Dit beteken dat jy aan meer geleenthede blootgestel sal wees, en terselfdertyd beskerming teen die risiko geassosieer met blootstelling aan slegs een bateklas sal geniet.

Nog 'n belangrike wapen in ons beleggingsarsenaal, is dividendbetalende aandele. Dividende speel 'n dubbele rol deur ons te help om die eroderende effek van inflasie te oorkom en ook inkomste te vergroot — die beste deel hiervan is dat dividende belastingvry in die hande van beleggers is. Feroz Basa van Value Equity Investments bespreek dit in meer detail in sy artikel, "Kyk met nuwe oë na aandele", op bladsy 5.

Fondse om te oorweeg

Ons reeks bate-allokasie-effektetrusts bied die risikovoordele van diversifisering, asook blootstelling aan dividendbetalende aandele. Onder bestuur van die ervare span by Macro Strategy Investments, dien hierdie as "oplossing"-fondse. Dit beteken dat hulle ontwerp is om sekere opbrengsteikens te haal en sommige het ingeboude risikobeskerming om aan spesifieke risikovereistes te voldoen. Boonop word meeste van hulle in lyn met Regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse bestuur wat hulle dus ideaal maak om in 'n aftreeportefeulje in te sluit.

Old Mutual Real Income Fund, spesifiek gemik op versigtige beleggers, teiken inflasie + 3% p.j. Dit het besonder gewild geword oor die afgelope jaar en is nou groter as R1.5 biljoen, wat bewys dat dit aan die werklike behoeftes voldoen van baie beleggers wat bewus is van die dubbele uitdaging van 'n behoefte aan beide beskerming en groei, soos vroeër uiteengesit.

As 'n beste-van-alle-wêrelde-belegging, bied dit kapitaalgroei en dividendinkomste — deur 'n maksimum 35% blootstelling aan aandele en eiendom — terwyl inkomste- en onbestendigheidsbeskerming deur kundiggeselekteerde blootstelling aan vaste inkomste-bates verkry word.

Hierdie fonds slaag nie net daarin om sy beleggingsmandaat te handhaaf nie, maar dit is ook op 'n relatiewe basis, 'n gereelde topkwartiel-presteerder in die Plaaslike-Bate-Allokasie-Voorsorg Lae Aandele-kategorie, met laer onbestendigheid as sy eweknieë.

- Twee jaar: geag as 8/58 fondse, met opbrengste van 12.4% p.j. teenoor die kategoriegemiddeld van 10.0% p.j. en VPI van 4.7%
- Drie jaar: geag as 2/51 fondse, met opbrengste van 11.9% p.j. teenoor die kategoriegemiddeld van 7.6% p.j. en VPI van 5.5%
- Vyf jaar: geag as 3/31 fondse, met opbrengste van 9.6% p.j. teenoor die kategoriegemiddeld van 8.4% p.j. en VPI van 6.9%.

Old Mutual Real Income Fund, VPI + 3%, VPI en Plaaslike-Bate-Allokasie-Voorsorg Lae Aandele-kategorie, drie jaar tot 30 Junie 2011



Vir beleggers wat 'n meer gematigde inkomstevlak verlang en hul kapitaal effe meer aggressief wil groei, is die Old Mutual Stable Growth Fund die fonds om te oorweeg. Dit het 'n teiken van VPI + 4% p.j., terwyl dit poog om verliese oor rollende 18-maandeperiodes te vermy. Die Old Mutual Balanced Fund met 'n teiken van VPI + 6% kan 'n goeie keuse wees vir beleggers wat nie 'n inkomste van hul belegging benodig nie en matige tot hoë groei oor die lang termyn verlang.

Praat asseblief met jou adviseur of makelaar en vra hulle watter van Old Mutual se effektetrusts jou sal help om jou persoonlike beleggingsdoelwitte te haal. Alternatiewelik kan jy ook ons webwerf by www.omut.co.za besoek om met behulp van ons nuwe, verbeterde aanlyninstrumente verskillende beleggingscenario's te beplan om te sien hoeveel jy behoort te spaar.

Onthou egter, ongeag of jy van ons Klassieke Beleggingsreeks, 'n nuttige seleksie van fondse wat ontwerp is om aan die lewenslange behoeftes van meeste beleggers te voldoen, of van ons volledige reeks van meer as 40 effektetrusts kies, Old Mutual Unit Trusts het 'n geskikte oplossing wat aan jou vereistes sal voldoen.

Dankie dat jy gekies het om by ons te belê.

Inflasie: een grootte pas nie vir almal nie

Johann Els
Senior Ekonoom

Wanneer dit kom by aftreebeplanning, is die hoeveelheid tyd oor voor aftrede dikwels 'n belegger se hooffokus. Daar is egter, in werklikheid, vier faktore wat bepaal hoe gemaklik jou aftrede sal wees: aftreekapitaal, aftree-inkomste, kapitaalgroei en inflasie. Jou vermoë om enige van hierdie faktore te gebruik, hang van jou ouderdom en persoonlike omstandighede af.

Indien jy jonk is en 'n langer tydshorison het, kan jy begin om meer te belê om jou kapitaal te groei. As jy kan, beveel ek aan dat jy dit doen. Dié van ons wat egter naby aftrede is, of reeds afgetree het, kan heel moontlik nie die waarde van ons aftreekapitaal of die maandelikse inkomste wat ons sal benodig, wat jaarliks in lyn met inflasie moet vermeerder, verander nie.

Min mense besef wat 'n belangrike rol inflasie (stygende pryse) in aftreebeplanning speel. Alhoewel ons min of geen invloed op die vlak van inflasie het nie, kan ons wel beplan om te belê in gepaste oplossings wat ons kan help om inflasie oor tyd te klop. Dit is maklik om te sê "klop inflasie", maar moeilik om dit werklik reg te kry. Dit is aangesien die offisiële inflasiesyfer gebaseer is op gemiddeldes en dus onwaarskynlik is om jou persoonlike ervaring van prysverhogings te weerspieël.

Jy moet dus eerstens weet wat jou eie inflasiekoers is voor jy werklik kan weet hoe en waar om jou geld te belê.

Inflasie 101

Volgens Statistiek SA is inflasie die proses van die voortgesette en beduidende verhoging in pryse oor die algemeen. Eenvoudig gestel, is dit die toename in lewenskoste gemeet oor 'n spesifieke tydsperiode en uitgedruk as 'n persentasie. Hierdie styging in pryse erodeer die koopkrag van jou inkomste oor tyd, en jy is nie meer in staat om dieselfde hoeveel goedere of dienste met dieselfde hoeveelheid geld as in die verlede te koop nie. Aangesien inflasie jaar op jaar (j/j) voortgaan, moet jy seker maak dat jou beleggings inflasie ook op 'n voortgesette basis klop.

In Suid-Afrika bereken ons die inflasiekoers deur middel van internasionale beste praktyk via die verbruikersprysindeks (VPI). Hierdie indeks word gebruik om die toename in die gemiddelde prys te meet van 'n "vasgestelde inkopiemandjie" vol verbruikersgoedere en dienste, waar elke item 'n spesifieke gewig dra wanneer dit kom by die bepaling van die finale syfer. Hierdie mandjie is ontwerp om verteenwoordigend te wees van die gemiddelde Suid-Afrikaanse huishouding. Die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) het 'n inflasieband van tussen 3%-6% as 'n aanvaarbare jaarlikse toename in lewenskostes geïdentifiseer.

So, wat is in ons "vasgestelde inkopiemandjie"?

Die goedere en dienste wat ons in die "alle items"-mandjie vind, word verdeel volgens 12 kategorieë, soos gelys in die tabel langsaan, en sluit in: gesondheid (medisyne, dokters, hospitale en mediese fondsbydraes); behuising; voedsel en nie-alkoholiese drankies; gebruiksgoedere; vervoer; alkoholiese drankies en tabak; opvoeding; en kommunikasie. Hierdie items word geweeg volgens dít wat die Statistiek SA-opname vind as die gemiddelde nasionale gewig, wat die manier hoe die gemiddelde verbruiker sy geld spandeer, verteenwoordig.

Inflasie: een syfer... maar ons is nie almal eenders nie

Soos genoem, word die samestelling en berekening van die VPI deur gemiddeldes bepaal en alhoewel dit vir die owerhede handig is om makro-ekonomiese faktore te help beheer, is dit nie noodwendig 'n weergawe van daaglikse realiteite vir my en jou nie. Dit is so aangesien geeneen van ons gemiddeld is nie. Die prysverhoging in jou persoonlike mandjie en myne kan noemenswaardig verskil aangesien ons verskillende dinge in verskillende hoeveelhede verbruik.

Hierdie patroon kan redelik duidelik wees vir spesifieke onderafdelings van die bevolking, en is deeglik gedokumenteerd. As jy byvoorbeeld 'n pensioenaris is, sal jy swaarder getref word deur mediese koste- en voedselinflasie as wat die gemiddelde gewig voorstel, so enige verhoging in die inflasiekoers van daardie spesifieke items sal jou heel moontlik meer affekteer as wat dit 'n jonger persoon sal affekteer.

Hou ingedagte dat die offisiële inflasiesyfer op 30 Junie 2011 5% was, en kyk dan na figuur 1. Dit dui die huidige gewig per item in die "alle items"-mandjie aan, en ook hulle jaarlikse prysverhogings, met ander woorde wat die koste in Junie 2011 was teenoor die koste in Junie 2010.

FIGUUR 1

	Gewig (%)	j/j (%) verandering
Alle items	**100.0**	**5.0**
Opvoeding	**2.2**	**8.6**
Voedsel	**14.3**	**7.3**
Behuising en gebruiksgoedere	**22.6**	**6.8**
Werklike huur vir behuising	3.5	5.9
Water en ander dienste	3.3	**9.3**
Elektrisiteit en ander brandstowwe	1.9	**19.0**
Alkoholiese drankies en tabak	**5.6**	**5.7**
Nie-alkoholiese drankies	**1.4**	**5.6**
Gesondheid	**1.5**	**5.4**
Vervoer	**18.8**	**5.2**
Voertuie	11.3	-0.9
Petrol	3.9	**21.4**
Ander goedere en dienste	**13.6**	**4.2**
Klere en skoene	**4.1**	**1.9**
Klere	2.9	2.2
Skoene	1.2	1.0
Huishoudelike inhoud en toerusting	**5.9**	**1.5**
Restaurante en hotelle	**2.8**	**1.1**
Kommunikasie	**3.2**	**-1.2**

Bron: Statistiek SA

Indien jy in die mark is vir 'n nuwe kar, is jy gelukkig, maar feitlik alles anders het opgegaan. Die syfers in rooi dui op wesenlike prysverhogings, en hoe groter die deel van jou maandelikse begroting wat op hierdie items spandeer word, hoe hoër sal jou inflasiesyfer wees.

Hoe dit jou sak raak

As 'n individu, sal jy die areas kan identifiseer waar jou persoonlike mandjie 'n ander gewig sal hê as die nasionale gemiddeld.

Indien jy steeds in diens is, het jou na-belaste jaarlikse verhoging van jou werkgewer opgemaak vir die werklike prysverhogings wat jy ervaar het? Of, indien jy afgetree is en jou jaarlikse onttrekkingskoers in lyn met die offisiële inflasiesyfer verhoog het, het jy dieselfde hoeveelheid kontant in jou sak as laasjaar? Dit is moontlik dat jy moes begin kostes sny, of dalk slaag jy net daarin om jou rekeninge te betaal. Figuur 2 dui die jaarlikse verhoging in inflasie, soos tot Junie 2011 deur verskillende demografiese profiele ervaar, aan:

FIGUUR 2

Verbruikersprofiel	Inflasie-koers Junie 2010	Inflasie-koers Junie 2011
Nasionale inflasiesyfer	4.2%	5.0%
Arm en werkloos (meer as helfte van uitgawes: die basiese soos voedsel, gesondheid en gebruiksgoedere)	2.7%	6.5%
Afgetrede paartjie (helfte van uitgawes: voedsel, gesondheid en gebruiksgoedere, daarna versekering)	4.6%	5.7%
Blouboordjiewerker (groot basiese spandering, opvoeding en vervoerkostes)	2.9%	6.2%
Jan Publiek (middelklas 2.4 kinders)	3.0%	5.9%
Welgestelde huiseienaar (luukse goedere in die mandjie ingesluit oorheers die gewig van meer impakvolle items, verminder dus ook die gaping sigbaar in die ander.)	4.6%	4.7%

Bron: OMIGSA/Statistiek SA

Soos jy kan sien is die jaarlikse verskille nie gering nie en daar moet voor beplan word. Indien jy kan, vind ekstra geld om te belê in 'n inflasie-kloppende belegging wat jou kan help om die impak van inflasie op jou leefstyl te beheer.

Indien jou kapitaal met aftrede nie vinniger as inflasie groei nie en jy aanhou om dieselfde vlak inkomste te trek, en pryse hou aan styg soos hulle nou doen, sal die koopkrag van jou inkomste krimp. Figuur 3 beeld duidelik uit dat inflasie 'n werklike bedreiging is. Met aftrede wil hierdie belegger 'n maandelikse inkomste van R5 883 trek van 'n R1 miljoen-kapitaalbasis wat sal groei teen 'n jaarlikse koers van 7%, maar is onderhewig aan twee verskillende inflasiesyfers. Vanselfsprekend affekteer die duur van jou kapitaal die volhoubaarheid van jou aftree-inkomste.

Die prentjie is dan baie duidelik: die vlak van inflasie het 'n dramatiese impak op jou vermoë om 'n inkomste te trek. Soos Pieter Hugo in sy artikel op bladsy 1 uitwys, is die argument sterk: jy moet belê in bates wat die potensiaal het om jou 'n groter opbrengs oor tyd te bied... dit is waar tydens beide die aftreebeplanningsfase (opbouing), en gedurende aftrede (vermindering as gevolg van inkomsteonttrekkings).

FIGUUR 3



Jou krag lê in die derde skakel van die ketting...

Groei. Jy staan geen kans om inflasie te klop tensy jy belê met die hoofdoel om hoë reële beleggingsopbrengste in jou portefeulje te genereer gedurende jou hele werkende lewe, en ook daarna, nie.

Gegewe dat jou aftreekapitaal, jou inkomstebehoeftes en jou inflasie-ervaring is wat dit is, en dit onwaarskynlik is om te verander (tensy jy jonk genoeg is om meer te spaar, of baie spandeer op luukse items waarop jy kan terugsny), is die lig aan die einde van die tonnel dat jy wel 'n verskil kan maak waar dit saak maak — jou vlak van blootstelling aan groeibates.

Belegging om jou portefeulje inflasiebestand te maak

Wanneer jy dus effektetrusts kies om by jou portefeulje te voeg, behoort 'n belangrike oorweging te wees tot watter mate hulle poog om jou **persoonlike** inflasiesyfer te klop, en nie net die nasionale gemiddeld nie. Dit beteken gewoonlik dat jy bereid moet wees om bykomende risiko deur aandeleblootstelling aan te gaan. Dit hoef nie buitensporige risiko te wees nie; deur bloot 'n matige hoeveelheid eiendom- of aandeelblootstelling in verskillende hoeveelhede op te neem, kan jy jou groei 'n goeie hupstoot gee en steeds jou beskermings- en inkomstebehoeftes bestuur.

Pieter verwys na 'n paar aantreklike opsies in sy artikel, en ek hoop dat ek jou oortuig het om dit ten minste te oorweeg om jou portefeulje inflasiebestand te maak vir die toekoms.

Kyk met nuwe oë na aandele

Feroz Basa
Mede Boetiekhoof van Value Equity Investments

Het jy al ooit gewonder hoekom beleggingskenners altyd langtermyn-beleggers aanraai om aandele in hul portefeuljes in te sluit, wanneer aandelemarkte deesdae so wisselvallig is en baie riskant voorkom? Statistieke toon dat meeste beleggers aandele vermy. Hulle verkies eerder om hul beleggings in geldmark- en lae-aandelefondse te plaas weens die groot markskommelinge wat ons die afgelope paar jaar beleef het.

Dit is waar dat die markwaarde van aandelebeleggings wesenlik verander van maand tot maand, en dit is baie moeilik vir beleggers om groot verliese in hulle beleggings oor die kort termyn te ignoreer. Maar wat die beleggingskenners weet, en wat beleggers nie in ag neem nie, is twee belangrike langtermyn-beleggingsbeginsels:

1) Die markwaarde sal mettertyd herstel, want histories het aandele positiewe opbrengste gelewer en is die beste langtermynbelegging; en

2) Die dividende wat beleggers elke ses tot 12 maande ontvang van hulle aandelebeleggings verskaf 'n reëlmatige en groeiende stroom van inkomste wat nie blootgestel is aan die vlak van die aandelemark nie. Dividende is 'n baie sterk bron van opbrengste waarvan beleggers dikwels vergeet weens hul paniek oor 'n val in die aandelemark.

Portefeuljebestuurders sal egter nooit die belangrike bydrae van dividende tot aandele-opbrengste oor die lang duur miskyk nie. Feroz Basa, gesamentlike portefeuljebestuurder van die Old Mutual High Yield Opportunity Fund, wat daarop fokus om hoë dividendkoerse in die fonds te lewer, sê "Navorsing toon dat dividende bygedra het tot meer as die helfte van die totale opbrengste behaal op die Johannesburgse Effektebeurs (JE) oor die afgelope 25 jaar. Fondse wat aandele hou van maatskappye wat hoë dividende uitbetaal, toon beskermende eienskappe wat die fondse help in onsekere marktoestande. As 'n belegger moet jy dus altyd onthou om na 'n aandeel se dividendopbrengste en markwaarde — dus die totale opbrengs — te kyk. Dit weerspieël die ware krag van aandelebeleggings. Hierdie holistiese siening kan jou ook help om die markskommelinge beter te hanteer. Deur paniek te vermy en aandeleblootstelling te behou, verhoog jou kanse om inflasie oor die lang-termyn te klop.

Die Old Mutual High Yield Opportunity Fund bied 'n uitstekende voorbeeld van die kragtige bydrae van dividende tot totale opbrengste oor die lang duur. In die grafiek hieronder word die waarde van die fonds se dividendinkomste (aangetoon in groen) herbelê en by die kapitaalopbrengste (in oranje) bygetel en toon die groeiende bydrae van dividende tot totale opbrengste met tyd.

Kapitaalopbrengste plus dividendinkomste herbelê
4 November 1998 tot einde Junie 2011



Die tweede grafiek toon hoe dividendinkomste van die fonds konstant oor tyd vermeerder het (ligte groen lyn), met 'n konstante opbrengs as gevolg. Die kapitaalwaarde of markwaarde (stippellyn) het ook sterk gestyg oor tyd, maar is blootgestel aan die skommelinge van die aandelemark. Die fonds se totale opbrengs (donker groen lyn) toon beide die dividendinkomste en kapitaalgroei.

Old Mutual High Yield Opportunity Fund
4 November tot einde Junie 2011



Die grafiek toon in werklikheid hoe 'n belegging van R100 000 toe die fonds begin het in November 1998 al reeds R206 966 in dividende (tot 30 Junie 2011) uitbetaal het, meer as dubbel die oorspronklike belegging. Indien hierdie dividende herbelê is, sou die fonds se totale opbrengs, wat kapitaalgroei insluit, nou R1 142 073 gewees het.

Brokkies

In teenstelling sou dieselfde R100 000-belegging in 'n gemiddelde plaaslike geldmarkfonds, wat nie dividendinkomste of kapitaalgroei bied nie, 'n rente-inkomste van R323 752 oor dieselfde periode gelewer het, terwyl kapitaal konstant sou gebly het. Hierdie opbrengs sou deur belasting verder verminder word.

Die sterk opbrengste van aandele (verteenwoordig deur die Old Mutual High Yield Opportunity Fund) vergelyk baie gunstig met geldmarkfondse, alhoewel aandele baie meer riskant is. Dit is dus duidelik waarom beleggingskenners langtermynbeleggers aanmoedig om aandele in hul portefeuljes in te sluit, en waarom jy aandeleblootstelling moet hê indien jou risikotoleransie dit toelaat. As 'n aandelebelegger, kan jy baat by die wete dat jou totale opbrengs ondersteun word deur stabiele en groeiende dividendinkomste en sodoende korttermynmarkskommelinge oorleef en vir die langer termyn belê bly.

Kyk dus met nuwe oë na aandele vir die lang termyn. Met twee bronne van opbrengste, sal jy hou van wat jy sien.

* Bron: Morningstar/Gemiddelde fondsopbrengs, Plaaslike geldmark-kategorie

OLD MUTUAL HIGH YIELD OPPORTUNITY FUND

Risikogradering: 4/5

Doelwit: Die fonds poog om 'n hoë vlak van dividendinkomste, gekoppel met langtermynkapitaalgroei, te lewer. Die doelwit word behaal deur in fundamenteel gesonde maatskappye met hoë dividendkoerse en langtermyngroeivooruitsigte te belê.

Wie moet belê: Die fonds is geskik vir beleggers op soek na dividendinkomste en langtermynkapitaalgroei. Beleggers moet in staat wees om aan aandelemarkonbestendighede blootgestel te word.

Opbrengste: Die fonds is 'n topkwartielpresteerder in die Plaaslike-Aandele-Algemene-kategorie oor twee, drie en 10 jaar tot 30 Junie 2011.

Markbewegings

Soos jy seker weet, het die markte 'n besonder onbestendige periode in Augustus beleef na die VS deur die S&P Kredietgraderingsagentskap afgegradeer is en die skuldprobleme in die Eurosone vererger het. As gevolg hiervan, het baie van ons 'n afname in die waarde van ons beleggingsportefeuljes ervaar. Geskiedenis het egter al bewys dat periodes van negatiewe prestasie geneig is om oor die lang termyn wel te herstel. Dit is dus belangrik om in tye soos dié eerder op jou langtermyn-doelwitte as op dit wat nou in die mark aangaan te fokus. Dit is ook die moeite werd om in gedagte te hou dat dit dikwels 'n goeie idee is om te koop wanneer markte 'n laagtepunt beleef aangesien waarde in sulke tye gevind kan word.

Praat met jou adviseur of makelaar om seker te maak dat jou huidige fonds in pas is met jou langtermyn-finansiële behoeftes, en oor die moontlikheid om geleenthede in die mark te identifiseer. Oorweeg dalk ook om jou debietorder aan te vul sodat jy die potensiële voordele oor die lang termyn kan benut.

Nuwe fonds, nuwe geleenthede

Ons is opgewonde oor die vooruitsig om jou die geleentheid te bied om toegang tot globale ontluikende markte te verkry deur die Old Mutual Global Emerging Market Fund wat onlangs bekend gestel is.

Die fonds word bestuur deur Anwaar Wagner (wat voorheen die Old Mutual Mining & Resources Fund, wenner van verskeie toekennings, bestuur het) en streef daarna om langtermyn-kapitaalgroei te lewer deur te belê in 'n gediversifiseerde portefeulje van aandele van maatskappye wat óf op ontluikende mark-beurse gelys is, óf 'n noemenswaardige belang in lande met ontluikende markte het.

Indien jy dus die hoë langtermyn-groei eie aan ontluikende markte wil teiken, en aandeel- en wisselkoersonbestendighede kan verduur, kan hierdie fonds vir jou 'n opwindende geleentheid wees.

Bewaar jou aftreekapitaal

Old Mutual Unit Trusts het sy aftreeprodukreeks afgerond deur twee bewaringsfondse by te voeg. Die fondse is 'n geskikte plek om jou aftreespaargeld te belê indien jy van werk verander en moet besluit wat om met die opbrengste van jou belegging in jou vorige werkgewer se uittredingsfonds te doen.

Beskerm en groei jou *aftreekapitaal*

- **Bekostigbaar: betaal slegs vir die effektetrusts wat jy vir jou portefeulje kies**
- **Deursigtig: geen verskuilde kostes**
- **Gerieflik: bestuur jou portefeulje aanlyn by www.omut.co.za**
- **Buigsaam: verander jou portefeulje soos jou behoeftes verander**
- **Likiditeit: toegang tot jou kapitaal**

Die bewaringsfondse bied jou twee opsies — 'n bewaringspensioenfonds wat oordragte van ander pensioenfondse sal aanvaar, en 'n bewaringsvoorsorgfonds vir beleggers wat tans ook in 'n voorsorgfonds belê is.

Hierdie fondse is effektetrust-gekoppelde beleggings en laat jou toe om 'n aftreeportefeulje saam te stel wat jou beleggingstydhorison en risikoprofiel pas. Praat met jou finansiële adviseur of makelaar of besoek www.omut.co.za vir meer inligting.

Betaal jouself eerste: begin 'n debietorder; vul aan wanneer jy kan

Sumayya Davenhill
Bemarkingsbestuurder: Old Mutual Investment Group South Africa

Onlangse navorsing deur Old Mutual het weereens bevestig wat baie van ons reeds weet: Suid-Afrikaners spaar nie genoeg nie. Volgens die Minister van Finansies, Pravin Gordhan, is die regering net so bekommerd oor hoe hierdie tekort aan spaargeld ekonomiese groei vorentoe mag beïnvloed.

'n Nuttige brokkie finansiële wysheid is dat die eerste ding wat jy elke maand moet doen sodra jy betaal word, is om 'n deel van jou geld in jou effektetrustportefeulje of Old Mutual Unit Trusts Uittredingannuïteitsfonds te belê.

Hierdeur verseker jy dat jy jou beleggingsportefeulje priortiseer voor jy jou salaris op dag-tot-dag-uitgawes en luukshede spandeer. 'n Maklike manier om dit te doen, is deur 'n debietorder op jou bankrekening op te stel vir 'n maandelikse aftrekking so na as moontlik aan betaaldag. Sodoende is dit 'n outomatiese proses en hoef jy nie daaraan te dink nie. Na 'n paar maande sal jy nie eens meer die verskil in jou besteebare inkomste agterkom nie.

Maandelikse beleggings is 'n klein opoffering om te maak vir die finansiële voordeel wat jy oor tyd daaruit sal trek. Dit is egter ook nodig om jou maandelikse beleggings jaarliks te verhoog om seker te maak dat jou portefeuljegroei inflasie (stygende lewenskostes) sal aanhou klop.

Vir meer inligting hieroor, lees gerus Johann Els se artikel op bladsy 3. Jy het die opsie om jou debietorderbedrag outomaties met 'n persentasie van jou keuse te verhoog op die verjaringsdatum van jou belegging deur dit só aan te dui op jou Koopvorm, of jou adviseur of makelaar te kontak, of ons dienssentrum te skakel. Jy kan dit ook aanlyn doen, so, indien jy dit nog nie gedoen het nie, registreer om toegang te verkry tot jou veilige aanlynportefeulje waar jy jou belegging 24/7 kan bestuur.

Versterk jou kapitaal en pluk die vrugte

Die grafiek hieropvolgende dui twee beleggings in 'n effektetrustportefeulje wat met 7% per jaar oor 20 jaar gegroei het aan. John het R500 per maand belê en nie sy beleggingsbedrag jaarliks verhoog nie, terwyl Thabo op dieselfde tyd as John begin het om ook R500 per maand te belê, maar besluit het om sy maandelikse belegging jaarliks op die verjaringsdatum met 10% te verhoog.

Beleggingsbedrag: die hupstoot wat jy nodig het



Na 20 jaar is John se totale beleggingsbedrag R120 000, terwyl Thabo R343 650 oor 20 jaar belê het. Thabo se belegging is nou R593 011 werd wat 'n wins van R249 361 beteken. John se belegging is nou R255 203 werd wat 'n wins van R135 203 beteken.

Naas die debietorder en jou jaarlikse premieverhoging, is een van die mees effektiewe maniere om meer groei in jou portefeulje te genereer, om jou kapitaal 'n hupstoot te gee deur addisionele bedrae te belê wanneer jy kan – onthou dat jy addisionele enkelbedrae vanaf so min as R500 op 'n slag kan belê.

Indien jy nie seker is hoeveel jy behoort te spaar om jou doelwitte te bereik nie, het ons 'n nuttige aanlynhulpmiddel wat jou sal help om 'n beter idee te vorm van hoeveel jy behoort te belê om die doelwitte te bereik. Gaan na die Old Mutual Unit Trusts-webwerf by www.omut.co.za en kies "Invest" vir toegang tot ons "How much to invest"-hulpmiddel.

Praat gerus met jou finansiële adviseur of makelaar, of verwys na ons belê met gemak-artikel vir 'n verskeidenheid maniere om ons te kontak en die proses aan die gang te sit. Dit is makliker as wat jy dink en kan begin met 'n eenvoudige oproep of e-pos aan ons Dienssentrum. Om jou te help om 'n duidelike idee van jou huidige maandelikse beleggings te vorm, verwys asseblief na die maandelikse beleggingsinsetsel wat ons by jou Infoslip gevoeg het. Om beheer te neem van jou beleggingstoekoms was nog nooit so maklik nie.

Belê met gemak

By Old Mutual wil ons graag verseker dat jou beleggingservaring so maklik en gerieflik moontlik is deur jou 'n verskeidenheid maniere te bied waarop jy kan belê en jou portefeulje bestuur.

Wetgewing en goeie sakepraktyk vereis egter dat ons moontlik van tyd tot tyd sekere inligting van jou sal moet verkry. Indien ons byvoorbeeld nie jou nuutste FICA-dokumente op rekord het nie (vir verifiërings- en identifiseringsdoeleindes), of jy as 'n nuwe kliënt is, sal daar van jou verwag word om stawende dokumente, gewoonlik 'n afskrif van jou ID-boek en 'n diensterekening (byvoorbeeld 'n munisipale of telefoonrekening), in te dien.

Alhoewel dit verpligtend is om vereistes soos hierdie na te kom, glo ons dat ons op die volgende maniere jou interaksie met ons 'n moeitelose proses kan maak.

Telefoniese transaksies

Ons Kliëntedienssentrum bied hoë kwaliteit telefoniese transaksies- en inligtingsdienste vir nuwe en bestaande beleggers. Indien jy reeds 'n belegging by ons het, hou asseblief jou rekeningnommer byderhand wanneer jy skakel. Skakel ons by 0860 234 234 tussen 08:00 en 17:00 gedurende die week.

Internetgebaseerde transaksies

Aanlynportefeuljebestuur

Verhandel en bestuur jou effektetrustbeleggings aanlyn, 24/7, in 'n veilige en gebruikersvriendelike omgewing. Indien jy die tipe belegger is wat in beheer van jou sake wil wees en toegang tot jou beleggings wil hê ongeag waar in die wêreld jy is, gaan na www.omut.co.za, kies "Register" en volg die maklike stappe. Jy kan nuwe beleggings aangaan, tussen fondse omskakel en selfs beleggings onttrek – alles in die gerief van jou eie huis. Die gewone afsnytye vir transaksies geld steeds.

Doen aanlyn aansoek

Indien jy in 'n standaard-effektetrustportefeulje of die Old Mutual Unit Trusts Uittredingannuïteitsfonds vir die eerste keer wil belê, kan jy ons veilige en eenvoudige aanlynaansoekproses gebruik.

Gaan eenvoudig na www.omut.co.za en klik op "Apply Online" aan die regterkant van die tuisblad. Jy sal gevra word om die produk te kies en dan jou besonderhede in te vul. Sodra die aanlynproses voltooi is, sal jy via e-pos 'n verklaringsvorm ontvang. Teken en stuur dit aan ons terug (e-pos of faks) saam met die vereiste stawende dokumente.

Vormgebaseerde verhandeling

'n Verskeidenheid vorms is in beide Engels en Afrikaans op ons webwerf www.omut.co.za beskikbaar onder "Forms", of jy kan die Kliëntedienssentrum vra om die vorm wat jy benodig vir jou te e-pos of faks. Jy kan vorms en stawende dokumente op een van drie maniere indien:

- Voltooi, skandeer en e-pos dit na: uttransactions@oldmutual.com
- Voltooi en faks dit na: 021 509 7100
- Gee dit in by jou naaste Old Mutual-tak.

Fondsprestasie tot 30 Junie 2011

Fonds	TOV (%)	Prestasie % p.j. 1 jaar	3 jaar	5 jaar	Risikoradering
Four Plus Capital Fund of Funds A	2.90	8.6	7.1	6.9	3
Four Plus Global Fund of Funds A	2.39	15.8	0.8	3.1	4
Four Plus Growth Fund of Funds A	2.30	13.5	5.9	7.5	3
Four Plus Secure Fund of Funds A	2.00	5.4	7.5	7.5	2
Old Mutual Active Quant Equity Fund A	1.45	22.9	6.8	10.7	4
*Old Mutual Albaraka Balanced Fund A	-	-	-	-	3
Old Mutual Albaraka Equity Fund R	1.87	24.7	0.2	5.0	4
Old Mutual Balanced Fund R	1.37	17.5	6.9	9.6	3
Old Mutual Bond Fund R	0.86	11.2	13.3	8.8	3
Old Mutual Capital Builder Fund A	1.22	6.4	5.2	-	2
Old Mutual Dynamic Floor Fund A	1.82	11.9	8.6	8.2	3
Old Mutual Enhanced Income Fund A	1.14	7.7	10.7	9.2	2
Old Mutual Financial Services Fund R	1.15	11.5	14.6	10.4	5
Old Mutual Flexible Fund R	1.33	19.6	7.8	11.3	4
Old Mutual Global Bond Feeder Fund R	1.60	-3.7	1.3	5.3	2
Old Mutual Global Equity Fund A	2.07	20.7	-7.2	-0.8	4
Old Mutual Global Index Fund of Funds R	1.46	10.1	-3.8	1.7	4
Old Mutual Global Technology Fund A	2.44	6.4	-0.1	3.8	5
Old Mutual Gold Fund R	1.16	3.6	-1.8	1.3	5
Old Mutual Growth Fund R	1.15	20.9	8.1	13.2	4
Old Mutual High Yield Opportunity Fund A	1.42	19.4	15.1	10.6	4
Old Mutual Income Fund R	0.86	7.9	10.5	9.4	1
Old Mutual Industrial Fund A	1.44	31.6	14.2	14.6	5
Old Mutual International Growth Fund of Funds A	2.75	11.1	-4.8	0.0	4
Old Mutual Investors' Fund R	1.14	24.7	6.9	11.1	4
Old Mutual Mining & Resources Fund R	1.16	23.7	-3.0	13.7	5
Old Mutual Money Market Fund A	0.58	5.9	8.4	8.8	1
Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund A	0.89	23.6	8.1	-	4
Old Mutual Real Income Fund A	1.39	11.2	11.9	9.6	2
Old Mutual SA Quoted Property Fund A	1.43	18.7	25.0	16.9	4
Old Mutual Small Companies Fund R	1.16	21.2	10.3	11.5	5
Old Mutual Stable Growth Fund A	2.20	11.3	7.9	-	2
Old Mutual Top 40 Fund A	0.72	24.5	1.2	9.6	4
Old Mutual Top Companies Fund R	1.15	21.1	7.9	11.8	4
Old Mutual UK Money Market Feeder Fund A	0.68	-5.3	-10.2	-1.3	1
Old Mutual US Dollar Feeder Fund A	1.19	-11.5	-	-	1
Old Mutual Value Fund R	1.15	18.4	8.0	10.8	4
SYm|mETRY Balanced Fund of Funds A	1.89	14.1	10.1	10.7	3
*SYm|mETRY Cautious Fund of Funds A	-	-	-	-	2
SYm|mETRY Defensive Fund of Funds A	1.80	10.3	8.1	9.0	2
SYm|mETRY Equity Fund of Funds A	1.67	19.9	8.0	9.4	4
SYm|mETRY Fixed Interest Fund of Funds A	1.19	9.4	10.9	9.3	2
Suid-Afrika VPI		5.0	5.5	6.9	

*Hierdie fonds is nog nie 'n jaar oud nie

Bron: Morningstar

Old Mutual Unit Trust Managers Limited (OMUT) is 'n bestuursmaatskappy wat in Suid-Afrika geregistreer is, registrasienr. 1965/008471/06; Adres: Mutualpark, Jan Smutsrylaan, Pinelands 7405, Suid-Afrika. Posbus 207, Kaapstad 8000; Hulplyn: 0860 234 234; Telefoon: (021) 503 1770 – Kliëntesteun; Faks: (021) 509 7100 – Kliëntesteun; E-pos: unittrusts@oldmutual.com; Internet: www.omut.co.za

Inligting wat in hierdie dokument met betrekking tot OMUT verskaf is, is soos teen September 2011. Finansieel Gesproke is 'n nuusbrief wat as 'n diens aan OMUT-beleggers uitgegee word. This publication is also available in English and known as Financially Talking. Hoewel dit met redelike sorg saamgestel is, aanvaar OMUT geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade wat gely, of onkoste wat aangegaan kan word as gevolg van inligting wat in hierdie publikasie vervat is nie. Geen stelling in hierdie nuusbrief moet beskou word as 'n aanbeveling om 'n spesifieke fonds of produk te koop of te verkoop nie. Ons stel voor dat jy ons of jou finansiële adviseur kontak voordat jy enige besluite neem wat op hierdie inligting gegrond is. Indien jy addisionele kopieë van hierdie nuusbrief wil ontvang, skakel asseblief ons Dienssentrum (0860 234 234).

Alle syfers in die publikasie is verkry van Morningstar en Old Mutual Investment Group South Africa (Pty) Ltd (OMIGSA), tensy anders vermeld. Alle berekenings berus op enkelbedragbeleggings en berekeningstydperke is tot einde Junie 2011. Uitkerings word herbelê en NBW-NBW-pryse word gebruik (d.w.s. aanvangskoste word uitgesluit). Inkomste word op die ex dividend-datum herbelê. Werklike beleggingsprestasie sal wissel volgens die aanvangsfooie wat van toepassing is, die werklike beleggingsdatum en die datum waarop inkomste herbelê word. TOV's (totale onkosteverhoudings) is soos op 30 Junie 2011.

Old Mutual Unit Trusts is deur die JSE Sekuriteitebeurs van Suid-Afrika gelisensieer om die naam FTSE/JSE Top 40 Indeks te gebruik. Skakel ons Dienssentrum by 0860 234 234 om kopieë van die bygewerkte feiteblaaie te kry, of besoek www.omut.co.za en klik op "Fund Information & Prices" en kies "Fees & Charges". Risikograderings neem nie die impak van wisselkoersskommelinge in ag nie.

Effektetrusts is gewoonlik medium- tot langtermynbeleggings. Vorige prestasie is nie 'n aanduiding van toekomstige prestasie nie. Skommelinge kan oor die korter termyn voorkom, terwyl jou belegging in ooreenstemming met die markte beweeg. Wisselkoersbewegings of -skommelinge kan meebring dat die waarde van onderliggende internasionale beleggings styg of daal. Effektetrusts kan by leen en die uitleen van skrip betrokke wees. Die fonds se TOV weerspieël die persentasie van die gemiddelde Netto Batewaarde van die portefeulje wat as koste, heffings en fooie met betrekking tot die bestuur van die portefeulje aangegaan is. 'n Hoër TOV impliseer nie noodwendig 'n swak opbrengs nie, en 'n lae TOV impliseer ook nie 'n goeie opbrengs nie. Die huidige TOV kan nie as 'n riglyn vir toekomstige TOV's beskou word nie. 'n Lys van fooie, koste en maksimum adviseursfooie is by OMUT verkrygbaar. Jy kan jou belegging verkoop teen die heersende prys van die dag (om 15:00 op 'n vooruitprysingsgrondslag bereken en 17:00 teen die maandeinde vir Old Mutual RAFI® 40 Tracker Fund, Old Mutual Top 40 Fund en SYm|mETRY Equity Fund of Funds). Die Old Mutual Money Market Fund se onderaandeelprys poog om staties te wees, maar beleggingskapitaal word nie gewaarborg nie. Die totale opbrengs bestaan hoofsaaklik uit rente (wat daagliks om 13:00 verklaar word), maar kan ook enige wins/verlies op 'n bepaalde instrument insluit. In die meeste gevalle sal dit bloot die daaglikse opbrengs verhoog of verlaag, maar in uiterste gevalle kan dit die kapitaalwaarde van die fonds verminder. Spesialisaandelefondse kan 'n groter risiko inhou, aangesien blootstellingsperke ten opsigte van 'n enkele sekuriteit hoër kan wees. 'n Voederfonds is 'n effektetrustportefeulje wat, afgesien van bates in likiede vorm, uitsluitlik uit deelnemende belange in 'n enkele portefeulje van 'n kollektiewe beleggingskema bestaan. 'n Fonds van fondse-effektetrust belê slegs in ander kollektiewe beleggingskemas, wat hul eie koste kan vra. Sekere fondse kan tydelik vir nuwe besigheid gesluit word om ooreenkomstig hul mandaat bestuur te word. Hierdie portefeuljes bevat verskillende onderaandeelklasse, wat aan verskillende fooie en koste onderhewig is. Old Mutual (South Africa) Limited, registrasienommer 1998/012276/06, is 'n lid van die Vereniging vir Spaar en Belegging Suid-Afrika. OMUT en OMIGSA is volfiliale van Old Mutual (South Africa) Limited.

OMIGSA, registrasienommer 1993/003023/07, is 'n gelisensieerde finansiële diensverskaffer, FDV-nr. 604, goedgekeur deur die Registrateur van Finansiële Diensverskaffers om tussenganger- en adviesdienste te lewer ooreenkomstig die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, Nr. 37 van 2002.